VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 11 - Uitgawe 26
Kontak ons: kerkinfo@ngkvs.co.za

15 Augustus 2014

Beste Vrypossers

1. BEURSE EN LENINGS – NG KERK VRYSTAAT: Neem asseblief kennis dat die aansoeke vir beurse en lenings vir die 2015 studiejaar, **vóór of op 31 Augustus 2014 aan die Sinodale Kantoor gestuur moet word.** Kontakpersone is Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**.

NB – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer - voorwaardes geld.***

2. GEMEENTES BIED AAN:

NG FICHARDTKRUIN - ORRELVERJAARSDAG: ***(Wysiging)*** Hierdie gemeente beskik oor 'n baie uitsonderlike orrel met meganiese aksie. Dié orrel is deur prof Deon Lamprecht ontwerp en het ook dan 30 jaar gelede die inwyding van die orrel waargeneem. Gedurende die **naweek van 22 en 24 Augustus 2014**, keer prof Lamprecht terug na Bloemfontein om op **Vrydag 22 Augustus 2014 om 19:00 'n gratis een-uur orrelkonsert** te gee. *Op **Sondag 24 Augustus 2014 om 09:00** vind 'n sangdiens plaas wat deur Deon Lamprecht begelei gaan word. Die bekende cantando@bloem, onder leiding van Bouwer van Rooyen, tree as gaskoor op met besondere werke uit die koorrepertorium.* Alle liefhebbers van orrel- en koormusiek, word hartlik uitgenooi om in hierdie geleentheid te kom deel. Vir enige navrae, kontak vir Lydia du Plessis by 051 421 1563.

NG PARYS-SUID - LENTEKARNAVAL: Dié karnaval vind **vanaf Vrydag 29 Augustus 2014 om 10:00** plaas en word op **Saterdagoggend die 30ste vanaf 08:00** weer voortgesit. Daar gaan onder andere 'n vleistafel wat altyd groot aftrek kry, asook 'n nuwe kontreitafel met allerlei kunstighede wees, sowel as baie eet- en drinkgoed. Persone wat in die omgewing is, word uitgenooi om die karnaval saam met die lidmate te kom geniet. Vir navrae, kontak die kerkkantoor op 056 817 7489 (Ma-Do 09:00-12:00).

NG WESSELSBRON (MOEDER) HOU KONTREIFEES: Hierdie geleentheid vind op **Saterdag 30 Augustus 2014 vanaf 09:00** in en om die kerksaal plaas. Kom proe en koop hulle beroemde sosaties, braaivleis en wors! Ander stalletjies wat besoek kan word, is die pannekoek, rouvleis, gebak en gebottel, tombola en poeding, asook 'n teetuin. Vir die kinders gaan daar onder andere *paintball*, skyfskiet en 'n lekkergoedtafel wees. Vir navrae, kontak die kerkkantoor op 057 899 1733 (k/u Di-Vr 09:00-13:00).

NG ROSENDAL – GRIEKSE AAND: Kom geniet 'n heerlike Griekse aand op **Vrydag 5 September 2014 om 18:30** in Rosendal se stadsaal saam met *Yoti die Griekse Boertjie*. Daar gaan borde gebreek word, Grieks geëet en gekuier word – koste slegs R100 per volwassene en R50 per laerskoolkind. Bespreek by Anne-Marie op 082 707 5293, of by Charmaine op 082 340 9393.

KYK OOK ASSEBLIEF BY PT 7 (HERHALINGS): Daar vind heelwat gebeure by verskeie gemeentes plaas wat reeds voorheen in *Vrypos* geadverteer is – loer ook daarna.

3. MUSIEKUITVOERING - *Die Skepping van Haydn*: Hierdie uitsonderlike meesterwerk word op **Sondag 7 September 2014 om 15:00** in die NG Kerk Heuwelsig (Gilles van de Wallstr 17, Dan Pienaar) deur die *Symphony Choir of Johannesburg* en die Vrystaatse Simfonieorkes (VSO), onder leiding van Alexander Fokkens uitgevoer. Die soliste is Magdalene Minnaar (sopraan), Kgaugelo Mpyane (tenoor) en Aubrey Lodewyk (bariton) - klik **hier** vir meer inligting oor die soliste en koor. Die teks van die werk (wat tydens hierdie uitvoering in Engels gesing word), kom hoofsaaklik uit Genesis en die Psalms. Toegang is R120 (volwassenes), R80 (pensioenarisse) en R50 (studente/skoliere en vir groepe van 10 of meer). Kaartjies is by *Computicket* en *Checkers, Shoprite*-winkels beskikbaar, of bespreek aanlyn by **www.computicket.com.** Vir navrae, kontak vir Ella Kotze op 051 401 2342 (k).

4. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 13/2014: Die week is die fokus op die jongste ***Kerkbode***, asook drie uitsonderlike Doop-publikasies. Klik **hier** vir die volledige nuusbrief.

5. BELANGRIKE INLIGTING:

BELASTINGAFTREKKINGS VIR PENSIOENBYDRAES: Vanaf 1 Maart 2015, verander die wyse waarop belastingkorting toegestaan word vir aftredevoorsiening. Klik **hier** vir 'n opsomming van wysigings, soos deur *Alexander Forbes* vrygestel.

KENNISGEWING – EBOLAVIRUS: Klik **hier** vir 'n handige gids oor hierdie skrikwekkende virus. Belangrik vir persone wat moontlik in Afrika wil reis.

6. VAKATURES: Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Amptelik - Vakatures***.

7. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal - neem asseblief daarvan kennis!

Algemeen:

Mooigenoegkamp vir Hoërskoolleerlinge: 4 – 9/10
Nuwe webblad – NG Kerk Vrystaat
Toerustingsondag – inligting & wenke: 14/9

Gemeentes bied aan:

NG Bedelia vier fees: 16/8 om 10:00
NG Brandfort – Gospeldiens met Francois & Elizabeth: 17/8 om 09:30
NG Bultfontein-Oos vier 60 jaar: Naweek van 22 – 24/9
NG Hospitaalpark – Pretstap: 23/8 om 09:00
NG Hospitaalpark – Kermis: 30/8 om 08:30
NG Steynsrus – Basaar: 30/8 om 09:00
NG Woodland Hills – Got Talent: 5/9 om 18:30

NG Steynsrus – 4x4 Pretnaweek: 12-14/9
NG Woodland Hills – High Tea met Elizma Theron: 20/9

Werkswinkels/Kursusse/Opleiding:
Transformations-Werkswinkel, Bloemfontein: 1 & 2/9
Kursus – Spirituele Begeleiding (18mde): Vanaf Januarie 2015 – aansoeke sluit 17/10

Vakatures:
NG Bultfontein-Oos - Orrelis: sluit 29/8
ENGO Gesinsorg, Virginia – Maatskaplike werker ***(Dringend!)***

8. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraar wat gedurende die komende week, sy verjaarsdag vier - mooi wense vir 'n geseënde en vreugdevolle nuwe lewensjaar:

18 Aug:
Ds Wikus Venter - KROONSTAD-OOS - 056 213 4332, 078 800 3353, wikusv@nashuaisp.co.za

9. TEN SLOTTE:

Groetnis tot volgende keer.

ANDRé ESTERHUIZEN
Voorsitter & Redakteur (**fin@ngkvs.co.za**)
Samesteller: Thea Bosman (**kerkinfo@ngkvs.co.za**)
namens Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**
AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**
Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za**

*VRYWARING / DISCLAIMER – Klik **hier***

DIE SKEPPING – HAYDN:

Magdalene Minnaar betower gehore wêreldwyd met haar veelsydige stem en enigmatiese verhoogpersoonlikheid soos blyk uit die resensies vir haar optredes in die produksies van *Show Boat* en *The Phantom of the Opera*. Ander hoogtepunte in haar loopbaan sluit in: optrede saam met die Kaapse Filharmoniese Orkes tydens die opening van die Kaapstad Stadion, optredes saam met die *Johannesburg Festival Orchestra* onder leiding van Richard Cock, Sean Bovim se indrukwekkende produksie, *Queen at the Ballet* en Deon Opperman se multi-media oratorium, *Die Skepping.*

Kgaugelo Mpyane is 'n finalejaarstudent van die Odeion Skool vir Musiek waar hy altviool en sang studeer. Hy het al talle pryse en toekennings vir sang ontvang: wenner van die *Musicon* kompetisie in 2010 en 2011, Vrystaatse kampioen in die SACMA kompetisie en wenner van die UNISA musiekfeeskompetisie in 2011. As solis tree hy saam met verskeie kore, waaronder die *Bel Canto Voices* en *Voices of the Nation* op in uittreksels uit *Messiah* (Handel), *Nabucco* (Verdi) en *Lohengrin* (Wagner).

Volgens Volksblad het Aubrey Lodewyk feesgangers by die Vryfees (in die produksie *An Enchanted Evening),* met sy "warm baritonstem... in vervoering gehad". In 2011 het hy die rol van Mandela in die wêreldpremière van die *Mandela Trilogy*, asook vir die Europese debuut van die produksie in Cardiff vertolk. Aubrey het sy debuut met die *New Israeli Opera* in Tel-Aviv in die rol van Silvio (*I Pagliacci*) gemaak en die rol van William in Jan Meyerowitz se opera *Il Mulatto* in Marseille, vir die *Festival Musique Interdites.* Vroeër vanjaar het Aubrey die rol van Gugliemo *(Cosi fan Tutte)* in Pretoria vertolk en sy debuut in München gemaak in die Mandela Trilogie.

Die *Symphony Choir of Johannesburg* is in 1947 deur Edgar Cree gestig as die *SABC Choral Society.* Sedert 1980 is die koor onder leiding van Richard Cock en het dit gegroei om tans as een van die mees toonaangewende kore in die land gereken te word. Hulle sing 'n wye repertoire wat meeste van die bekende oratoriums soos *Elijah* (Mendelssohn), *Messiah* (Handel), *Gloria* (Vivaldi) en die Requiems van Brahms, Mozart, Verdi, Fauré en Duruflé insluit.

TERUG NA INHOUD

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 13/2014:

LEES IN DIE KERKBODE VAN 15 AUGUSTUS:

Nagmaal in 'n pizzaplek - Gereeld op 'n Donderdagaand word daar in die NG Gemeente Krantzkloof in Durban 'n pizza-aand gehou. Dan word 'n lang tafel in 'n plaaslike pizzarestaurant bespreek en 'n groep lidmate gaan eet saam uit. Na die ete bedien die dominees dan die nagmaal daar in die openbaar aan hul mense. Dit klink na iets baie eenvoudigs, maar op verskeie vlakke word dit 'n buitengewone aand.

'Die kerk het my gehelp' - Hy was 22 jaar in die tronk vir moord en roof. Satansime en bendegeweld was sy ding. Maar hy het tot bekering gekom en 'n bediening by die historiese moederkerk in Durban help hom nou.

Hanswors vir die Here - Nadat Izak Kloppers sy teologiestudies voltooi het, was daar nie 'n beroep na 'n gemeente toe nie. Maar hy het ander maniere gevind om die Here te dien – onder meer as hanswors vir die Here.

Lees ook:

- Vrystaters hou sinode oor Belhar
- Comrades-myle koop hoop vir kleuters
- Die 'ongemaklike seën' van welvaart
- Die kerk en grondhervorming

JONGSTE BYBELKOR-PUBLIKASIES:

Drie uitsonderlike publikasies oor die doop:

- **Ontvang wat vir jou gegee is** - Coenie Burger en Andries Cilliers

Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef - Die doop is ’n wonderlike en unieke gawe wat die Here aan sy kerk gegee het

- om ons te help om die evangelie te verstaan,
- om ons in ons geloof vas te maak, en
- om ons vir ons navolging van Christus op te bou.

Die doop is net te belangrik om nié daaroor te praat nie. Maar in plaas daarvan om oor die *wanneer* en die *hoe* van die doop te praat, kan ons die gesprekke positief draai deur te praat oor *hoekom* die doop ingestel is. ’n Gesprek oor die betekenis en waarde van die doop vir gelowiges sal ons baie nader aan mekaar kan bring, en dit is waarmee hierdie boek mense wil help. ’n Deel van die storie agter hierdie boek, is ’n merkwaardige dokument wat in 1983 verskyn het – *Baptism, Eucharist and Ministry*. Dit verduidelik die betekenis en waarde (die *hoekom*) van die doop waaroor honderde kerke in die hele wêreld saamstem. Prys**: R109,95** (BTW + posgeld ingesluit) - reeds beskikbaar.

- **Ontvang wat vir jou gegee is** - Coenie Burger + Andries Cilliers

Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef - ***40-dae-program***
Met hierdie 40-dae-program kyk die skrywers vanuit gedeeltes in Matteus se Evangelie na die doop. Dan staan hulle ’n week lank stil by elk van die vyf gawes wat ons by die doop ontvang.

- Deur die doop word ons met Jesus verenig.
- Deur die doop ontvang ons vergifnis van sonde en ’n nuwe manier van leef.
- Deur die doop ontvang ons die Heilige Gees.
- Deur die doop word ons verbind met die liggaam van Jesus – dit is die kerk.
- Deur die doop word ons geroep tot diens in die koninkryk.

Dié studiegids is ontwikkel om gebruik te word saam met die uitgebreide boek, *Ontvang wat vir jou gegee is* (deur dieselfde skrywers). Prys: **R75,00** (BTW + posgeld ingesluit) - reeds beskikbaar.

- **Ontvang wat vir jou gegee is** - Tinus van Zyl

Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef - *Kleingroepgids*
Hierdie 6-weke-kleingroepgids gaan oor hoe die doop ons in ons **dissipelskap** help en hoe dit ons kan leer om met Christus te leef. Die eerste week fokus op die doop en dissipelskap. Die vyf weke wat volg, fokus elk op die vyf gawes wat ons by die doop ontvang. Die grondslag van hierdie kleingroepgids is die dokument *Baptism, Eucharist and Ministry.* Hierdie verslag bevat waarhede oor die betekenis van die doop waaroor baie kerke oor die wêreld heen saamstem – oor wat God vír ons, mét ons en ín ons kom doen by, in en deur die doop. As ons as gelowiges die inhoud en betekenis van ons doop ernstig opneem, sal dit nie net groter eenheid in die kerk bring nie, maar ook die kerk help om gehoorsamer te wees aan Jesus se groot opdrag om dissipels te maak van die nasies. Prys: **R45,00** (BTW en posgeld ingesluit) - reeds beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 873 0822
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.co.za**

Groete uit Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media
E-pos: **hans@bmedia.co.za**
Tel: 021 864 8223

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD

1. ALGEMEEN:

- **MOOIGENOEGKAMP VIR HOëRSKOOLLEERLINGE:** Hierdie jaarlikse kamp vir leerlinge vanaf graad 8 tot 12, word **vanaf Saterdag 4 Oktober tot Donderdag 9 Oktober 2014** by die Mooigenoeg Kampterrein in Bloemfontein aangebied. Dr Wollie Grobler, Attie Rall en Morné Bruwer is die aanbieders en koste beloop R800pp – inskrywingsvorms is by die kerkkantoor van die NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Klipkerk) te Tweedestraat beskikbaar, of skakel 051 448 1419 (k/u Ma-Vr 08:00-12:00).

- **NG KERK VRYSTAAT SE NUWE WEBBLAD:** Die adres is **www.ngkerkvrystaat.co.za** - vanaf die webblad, is daar ook toegang tot 'n Blog, 'n *Facebook*-blad, sowel as *Twitter*. Ons ontvang graag kommentaar oor die webblad, stuur e-pos na **kerkinfo@ngkvs.co.za**

- **TOERUSTINGSONDAG:** Die Algemene Sinode se Netwerk vir Lidmaatbemagtiging (waarop elkeen van die sinodes verteenwoordig is), herinner gemeentes daaraan dat Sondag **14 September 2014**, amptelik geoormerk is as **Toerustingsondag**. Dié netwerk wil met die hulp van *Bybel-Media*, gemeentes help om dié Sondag op 'n besonderse manier te gebruik. Klik **hier** vir 'n paar wenke.

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **BEDELIA VIER FEES:** Hierdie geleentheid vind op **Saterdag 16 Augustus 2014 vanaf 10:00 – 14:00** te Brutusstraat 5, Bedelia in Welkom plaas – vir meer inligting, kontak die kerkkantoor by 057 352 2340 (Ma-Vr 09:00 tot 13:00), of vir ds McLaren op 082 452 4569.

- **BRANDFORT - GOSPELDIENS MET FRANCOIS & ELIZABETH FOURIE:** Hierdie musikale geleentheid vind op **Sondag 17 Augustus 2014 vanaf 09:30**, by die *Tri-Hunt* Reservaat te Brandfort, plaas. Koste is R75pp (sluit braaipak met bykosse in) - vir navrae of kaartjies, skakel die kerkkantoor op 051 821 1109 (k/u 08:00 – 13:00), of vir Nellie Schutte by 074 888 1346.

- **BULTFONTEIN-OOS WORD 60 JAAR OUD!:** Tydens die **naweek van 22 – 24 Augustus 2014**, is die bekende en gewilde spreker, **ds Riekert Botha** (*Pleisters vir die Siel*), die gasspreker. Vir navrae, kontak vir Elna Kotze op 083 337 8849, of by 051 853 1340.

- **HOSPITAALPARK SE PRETSTAP:** Dit vind op **Saterdag 23 Augustus 2014 vanaf 09:00** by die kerkterrein te Mayostraat, Hospitaalpark, plaas. Skakel vir Willie Vorster by 082 829 4310 vir inligting oor hierdie geleentheid.

- **HOSPITAALPARK - *KERMIS... MET "SPROKIES..." AS TEMA:*** Neem asseblief kennis dat hierdie geleentheid wat op **Saterdag 30 Augustus 2014** gaan plaasvind, **reeds om 08:30 begin**. Vir meer inligting kan Hantie Meyer by die kerkkantoor, op weeksdae vanaf 08:00 tot 13:00 by 051 522 3059 gekontak word.

  STEYNSRUS HOU LEKKER BASAAR: Dit vind op **Saterdag 30 Augustus 2014 vanaf 09:00** op die kerkterrein plaas. Kontak die kerkkantoor op 056 471 0217 (k/u Di-Vr 08:00-13:00) indien jy meer inligting verlang.

- **WOODLAND HILLS GOT/HET TALENT:** Die geleentheid vind op **Vrydag 5 September 2014 vanaf 18:30** plaas. Skakel vir Judy by 051 451 1261 (k/u 08:00 – 13:00), of vir Anton op 079 895 3914 vir meer inligting.

- **STEYNSRUS - 4 X 4 PRETNAWEEK:** Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid van die gemeente,

vind tydens die **naweek van 12 - 14 September 2014** by Riverside-oord naby Steynsrus, plaas. Vir navrae, kontak vir Thinus Crous by 082 573 4836, vir akkommodasie, skakel 056 471 0812 of 083 444 5499, of Van Niekerkshof Gastehuis by 082 414 3174. Indien iemand die gemeente met borgskappe vir hierdie naweek kan ondersteun, kontak asseblief ook vir Thinus Crous.

- **WOODLAND HILLS - DAMES TEE/HIGH TEA:** Die dames van Woodland Hills bied op **Saterdag 20 September 2014** 'n High Tea aan @ R280pp in die **Woodland Hills Venue** (let wel) en die gaskunstenaar is **Elizma Theron**. Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor, skakel 051 451 1261 (k/u 08:00 – 13:00).

3. WERKSWINKELS / KURSUSSE / OPLEIDING:

- ***TRANSFORMATIONS*-WERKSWINKEL:** Hierdie werkswinkel by name, *Re-authoring our extraordinary lives*, word op **1 en 2 September 2014 in Bloemfontein** aangebied. Fasilteerders, organisasies en persone wat konflik moet bestuur sal hierby baatvind, dit word aangebied deur Chené Swart, 'n guru in die narratief, sowel as in die bestuur van organisasies. Koste is R950pp, kontak vir Igno van Niekerk op 083 376 1330 – klik ook **hier** vir 'n dokument met volledige inligting.

- **KURSUS IN SPIRITUELE BEGELEIDING (18 MAANDE):** Die **sesde rondte** van hierdie kursus wat **op 25 Januarie 2015 begin**, gaan deur die volgende span aangebied word: Willem Nicol, Stefan Botha, Suzette Fischer, Nicolin Hoffman, Joke Nicol, Marina Strydom en Immanuel van Tonder. Dit gaan bestaan uit vyf blokke van drie dae elk in die eerste jaar en twee blokke in die tweede jaar, deels by Stellastraatgemeente in Pretoria en deels by *Sediba Mountain Retreat* langs die Hartbeespoortdam. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Oktober 2014** en predikante kan tot 150 VBO-punte vir die bywoning hiervan, verdien. Vir uitvoerige inligting, asook die aansoekprosedure, kontak mev Ané Louw by **ane@freetobe.co.za** – enige ander navrae kan gerig word aan Willem Nicol by **wnicol@mweb.co.za**, of skakel 012 345 2927. Klik ook **hier** vir 'n meer volledige dokument oor hierdie kursus.

4. VAKATURES:

- **ORRELIS:** Die **NG Gemeente Bultfontein-Oos** beskik tans oor 'n vakature vir 'n orrelis – belangstellendes moet hul aansoeke met volledige CV **vóór Vrydag 29 Augustus 2014 aanstuur** na: Die Skriba, NG Gemeente Bultfontein-Oos, Posbus 435 Bultfontein 9670, of per e-pos aan **oos@mweb.co.za**

- **MAATSKAPLIKE WERKER - ENGO GESINSORG VIRGINIA:** Klik **hier** vir al die besonderhede.

TERUG NA INHOUD

TOERUSTINGSONDAG:

1) Maak gerus gebruik van die preek in *Woord en Fees –preekstudies en liturgiese voorstelle* (BM/Communitas). Dié Sondag se skrifgedeelte is Rom 14:1-12 en sal van 8 September beskikbaar wees. Verdere toeligting en 'n toepaslike *Powerpoint*-aanbieding is te kry by **www.bybelmedia.co.za** (onder "gemeentedienste/luisterseisoenpreke), of **www.gemeentes.co.za** en ook by **www.seisoenvanluister.co.za/**
2) Daar is 'n kort video (Gebed om leerbaarheid) wat u aan die begin of die einde van die diens kan vertoon, klik **hier** daarvoor.
3) Maak seker dat u die koerant "Nuwe Harte", wat saam met *Kerkbode* en *Kruisgewys* uitgestuur word, ontvang. Die Sondag wat vir dié wye aksie vir moraliteitsvernuwing geskeduleer is, is ook

14 September en die tema is, ***Nuwe harte luister na mekaar.*** Die preekstudie waarna hierbo verwys word (punt 1), sal daarby aansluit.

4) Verseker verder dat u betyds ’n aantal kopieë van "Gestuur"* bestel en dit op Toerustingsondag in die gemeente bekend stel (dit is die verkorte groepstudie wat op ’n eenvoudige manier gemeentes sal help om die epogmakende verslag van Nelus Niemandt en Piet Meiring oor gestuurdheid, wat tydens verlede jaar se Algemene Sinode aanvaar is, in hulle alledaagse lidmaatskap te integreer.) Bestel dit **hier** (bestellings van meer as tien eksemplare kwalifiseer vir 10% afslag.) *

Prys: R40.00 (14% BTW ingesluit)
Gestuur vertel die storie van die nuwe droom oor die kerk.
Voor die Algemene Sinode van 2013 het die NG Kerk besef daar is op baie plekke in die wêreld, ook in die kerk, lewendige gesprekke oor geloof en die kerk aan die gang. Hulle het toe die vars en nuwe gedagtes uit dié gesprekke in ’n beleidsdokument saamgevat sodat ons saam nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die kerk kan ontdek.

Lees meer | Laai in mandjie

Vir navrae kontak vir dr Jannie le Roux op 021 8561385 of 072 127 5043.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – ENGO GESINSORG:

Engo
Family Care · Gesinsorg

MAATSKAPLIKE WERKER (VIRGINIA):

POSVEREISTES:

- Geregistreerde Maatskaplike Werker.
- Oor ‘n bestuurslisensie beskik.
- Moet gemaklik in Afrikaans en Engels kan kommunikeer. Die taal van die werkgewer is Afrikaans.

Hierdie is ‘n voldag pos - salaris onderhandelbaar, asook ‘n 13de tjek en pensioenfonds met permanente aanstelling. Die standplaas is Virginia, gebied Vrystaat.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Aansoeke met ‘n volledige CV kan gerig word aan:

Die Kantoorhoof
Posbus 61
Virginia, 9430

Vir aandag: Mev J Ferreira
E-pos: kmdwin@telkomsa.net
Faks: 057 212 4241
Navrae: 057 212 4242

TERUG NA INHOUD

*Vrywaring / Disclaimer - Klik **hier***